
# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

**Vergifnis maak jou vry.**

Ons hulp is in die Naam van die Here –
– die God wat deur Jesus Christus
sondes vergewe
wonde genees,
en mense vry maak.

Bibliatodo
www.bibliatodo.com


Mag die genade van Jesus Christus,
die liefde van God, ons Vader,
en die troosvolle gemeenskap van die HG,
jou hart sag maak en jou lewe vry maak
.
Bibliatodo


Bibliatodo

# Flam 453

In ons suiderland,
ruis ’n kersfeesklank
en die vlaktes hoor
weer die englekoor
met die staldeur oop
waardeur herders loop
is die spoor te vind
na die Redderkind.

Kersfeesliefde kom ons haal
al het ons ook ver verdwaal.

Lei ons soos die suiderkruis
in die rigting wat u Seun ons wys.
Met die ster vooruit
vind ons ware suid
helder skyn die Jesuskruis.

Hy nooi almal uit
vier dit wêreldwyd
daardie stille nag was lank verwag.

Kruishout liefde kom ons haal
al het ons ook ver verdwaal.




NIËL VAN VUUREN BEELD 31/1/24


'n Klip in die hart
Vergifnis is nie om iets weg te vat nie — dis om iemand vry te maak. En gewoonlik is daardie iemand… jý.

# Wat is vergifnis?

Dis ‘n keuse om iemand se skuld nie langer teen hulle te hou nie en hulle ‘n nuwe kans te gee in die lewe.

**Matteus 18:21-22**

21. Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: “*Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe* <u>*as hy iets verkeerds teen my doen*</u>*? Selfs sewe keer?*” 22. Jesus antwoord hom: “*Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer.*”

**Mattus 18:23-35**

23. Daarom kan die koninkryk van die hemel vergelyk word met 'n koning wat besluit het om saam met sy amptenare hulle boeke na te gaan. 24. Toe hy daarmee begin, is een amptenaar na hom toe gebring wat miljoene rand geskuld het. 25. Hy kon dit nie betaal nie, en daarom het die koning beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, verkoop en die skuld betaal moet word. 26. Die man het voor hom neergeval en gesoebat: 'Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal.' 27. Die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf. 28. "Toe daardie man buite kom, het hy een van sy medeamptenare raakgeloop wat hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het hom gegryp en gewurg, en gesê: 'Betaal wat jy skuld!'

29. Sy medeamptenaar het voor hom neergeval en hom gesmeek: ‘Gee my tog uitstel, ek sal jou betaal.’ 30. Maar hy wou nie en hy is daar weg om hom in die tronk te laat gooi totdat hy die skuld betaal het. 31. “Toe sy medeamptenare sien wat gebeur het, was hulle diep teleurgesteld, en hulle het alles wat gebeur het, vir hulle koning gaan vertel. 32. Die koning het hom laat haal en vir hom gesê: ‘Jou skurk! Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf omdat jy my gesoebat het. 33. Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?’ 34. Die koning was woedend en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het. 35. “**So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie**.”

# Wat is vergifnis?



# Wat is vergifnis nie?

- dis nie om net maar te vergeet nie;
- dis nie om te sê dit was reg nie;
- dis nie om te sê dit was nie so erg nie;
- dis nie om jouself weer kwesbaar te maak;
- dis ook nie dat daar geen gevolge vir my en die persoon is wat jou of iemand benadeel het nie;

# Wat is vergifnis wel?

- Dit is wel om die oordeel aan God oor te laat
- Dit is wel om nie langer alleen die pyn te dra nie
- Dit is wel om jouself vry te maak van bitterheid en workkigheid
- Dit is wel om te leef vanuit God se vergifnis aan jóú

Ons vergewe nie omdat die ander dit verdien nie — maar omdat God ons (eerste) vergewe het.

# Waarom het ek vergifnis nodig?

**Emosionele gevolge:**

- **Swaarmoedigheid**



# Psalm 32

3. Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer soos ek heeldag om hulp geroep het. 4. U hand het dag en nag swaar op my gedruk, my krag het opgedroog soos water in somerhitte. 5. Toe het ek my sonde bely, my oortreding nie weggesteek nie. Ek het gesê: "*Voor die Here bely ek my opstandigheid;*" en U het my skuld vergewe.


Waarom het ek vergifnis nodig?
Emosionele gevolge:
• Swaarmoedigheid
• Britterheid en wrokkigheid

**Hebreërs 12:15**

15. Sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie. Sorg dat daar nie verbittering soos 'n wortel uitspruit, moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie.

**Efesiërs 4: 31-32**

31. Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. 32. Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.



# Waarom het ek vergifnis nodig?

**Emosionele gevolge:**

- **Swaarmoedigheid**
- **Britterheid en wrokkigheid**
- **Onvrede en gebrek aan vreugde**

# Waarom het ek vergifnis nodig?

**Geestelike gevolge:**

- **Gebed en geloofslewe word belemmer**



**Matteus 5:23-24**

23. “As jy (dus) jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, 24. laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.

**Matteus 6:12,14-15**

12. ...en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;

14. “As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. 15. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.”

# Waarom het ek vergifnis nodig?



**Geestelike gevolge:**

- **Gebed en geloofslewe word belemmer**
- **Dit hou mens vas in die verlede**
- **Dit maak die hart toe vir genade**

# Waarom het ek vergifnis nodig?

**Verhoudingsgevolge:**

- **Verhoudings bly vassteek by die seer**
- **Ander mense hou jou op ‘n afstand**
- **Dit beïnvloed ook ander verhoudings**

# Waarom het ek vergifnis nodig?

**Gevolge op jou identiteit:**

- **Die seer begin jou storie en selfbeeld deinieer**
- **Dit steel jou emosionele en geestelike vryheid**

***"Onvergewensgesindheid is om gif te drink en te hoop die ander persoon sterf"***


Waarom het ek vergifnis nodig?
Onvergewensgesindheid steel jou vreugde, jou slaap, jou vrede en jou nabyheid aan God.

# Wat maak vergifnis vandag so moeilik?

- Die seer net só Groot
- Onverwerkte pyn
- Oorlewing: ”*Ek moet myself beskerm*”
- Wrok voel ‘geregverdig’

# Wat maak vergifnis vandag so moeilik?



God vra nooit dat ons iets doen sonder dat Hy die krag daarvoor gee nie

# Hoe kom mens by vergifnis uit?

**Stap 1** – Identifiseer die oorsaak

**Stap 2** – Benoem wat jy moet los

**Stap 3** – Erken die seer

**Stap 4** – Gee oor aan die Here

**Stap 5** – Wandel verder

# God se rol in vergifnis

- God neem die skuld van die mens op Hom;

## Kolossense 2:14

14. Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem.

## Kolossense 3:13

13 Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.

# God se rol in vergifnis

- God neem die skuld van die mens op Hom;
- God maak jou hart sag waar jy verhard is;

# Psalm 103: 3-5

3. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, 4. wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, 5. wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk.

# God se rol in vergifnis

- God neem die skuld van die mens op Hom;
- God maak jou hart sag waar jy verhard is;
- Die Heilige Gees bewerk Jesus se genesing;

**Jesaja 53**

5. Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel;die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom,deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.

**1 Petrus 2:24**

24. Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees.

# God se rol in vergifnis

- God neem die skuld van die mens op Hom;
- God maak jou hart sag waar jy verhard is;
- Die Heilige Gees is die Een wat genesing bring;
- Die kruis wys dat vergifnis nie goedkoop is nie, maar God gee dit verniet!

# Uitnodiging

- Waar het jy lankal genade nodig?
- Dra jy ‘n klip van seer, woede of skuld?
- Wat hou jou terug?

- “Here vergewe my…”
- “Here help my om … te vergewe vir …”


Vergifnis maak jou vry

# Lied 245: 1

Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het,
sing dankbaar my verlossingslied.
U weet hoe ek na U verlang het
U het u guns my aangebied.

# L 245:1 (vervolg)

Ek loof en prys U deurentyd,

ek loof en prys U deurentyd

en roem u groot barmhartigheid,

en roem u groot barmhartigheid.

# L 245:2

Ek was verlore in my sonde

en van die goeie weg vervreem.

Tog doen die Heer aan my die wonder

om my as kind terug te neem.

# L 245:2 (vervolg)

Ek loof en prys U deurentyd,

ek loof en prys U deurentyd

en roem u groot barmhartigheid,

en roem u groot barmhartigheid.

# L 245:3

O God wat ryk is aan ontferming,

weerhou genade nooit van my,

maar hou my steeds in u beskerming

by U sal ek vir altyd bly!

# L 245:3

Ek loof en prys U deurentyd,

ek loof en prys U deurentyd

en roem u groot barmhartigheid,

en roem u groot barmhartigheid.

# Dankoffers



# Lied 510: 1

Genade, onbeskryflik groot

het U aan my bewys:

verlore seun - ‘n wegloopkind -

weer in die vaderhuis.

# L 510:2

Ek is die naam van kind nie werd -

wou self my sake reël.

My lewe, kanse, tyd en geld

is nutteloos verspeel.

# L 510:3

Maar U sien ver, oneindig ver.

U sien my honger, dors.

Nog voordat ek kon skuld bely,

druk U my aan die bors.

# L 510:4

Genade, onbeskryflik groot -

daar's fees, ek is weer tuis.

U Seun bring my - verlore mens -

weer in die vaderhuis.

Mag Jesus Christus, wat jou vergewe,
jou seën met ‘n hart vol vrede
wat vry leef in sy lig.
Amen

Bibliatodo
www.bibliatodo.com